PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 086 651 5969
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

**PAUL ROOS GIMNASIUM VS GREY KOLLEGE**

**14 - 17 Augustus 2025**

Beste Ouer

Die Interskole tussen Paul Roos Gimnasium en Grey Kollege vind op die bogenoemde datums in Bloemfontein plaas.

Dit is 'n unieke ervaring vir elke Paul Rooser en 'n geleentheid om deel te wees van die meer as 70 spanne wat teen Grey Kollege gaan kompeteer. Ons beoog om soveel moontlik van ons seuns die geleentheid te gee om deel te wees van 'n span en die ervaring te kan meemaak.

Weens die afstand na Bloemfontein en die feit dat die meeste van die seuns per bus gaan reis, wil ons verseker dat die seuns "vars en uitgerus" is wanneer hul in Bloemfontein arriveer ten einde hul beste te kan kompeteer. Ons het daarom besluit dat geen speler deur die nag na Bloemfontein gaan reis nie en dat elkeen 'n goeie nagrus voor deelname sal inkry. Ons wil ook geleentheid skep vir afrigters om tyd met hul spelers te spandeer, spangees te kry en die seuns voor te berei op die belangrike taak ter hande.

Alle spanne sal op Donderdagoggend (14 Augustus) na Bloemfontein vertrek en op Saterdagaand (16 Augustus) om 19:00 per bus terugkeer. Busse sal vanaf 08:00 op Sondagoggend (17 Augustus) in Stellenbosch arriveer. Busvervoer sal deur Interkaap verskaf word.

Al die spanne is in sewe groepe, afhangend van hul reis- en verblyfreëlings, opgedeel. (Sien asb. die aangehegte tabel om u te vergewis van wanneer en hoe u seun se span gaan reis). U sal ook op die tabel sien dat sommige spanne deur Grey Kollege gehuisves sal word op die Donderdag- en Vrydagaand (groepe 3 & 4) terwyl ander spanne (groepe 2, 5 & 7) slegs op die Vrydagaand gehuisves sal word. In die geval waar seuns deur Grey gehuisves gaan word, wil ons egter vra dat seuns eerder by ouers bly om sodoende die druk op Grey te verlig.

Groep 6 sal die Donderdag- en Vrydagaand in of naby Bloemfontein in akkommodasie oornag, soos gereël deur die sportkantoor, maar seuns kan ook by hul ouers bly.

Ongelukkig het Grey Kollege nie wedstryde vir al ons spanne nie en het ons dus vir hierdie spanne (groep 6) alternatiewe wedstryde gereël teen omliggende skole in Bloemfontein.

**Die volgende spanne sal na Bloemfontein reis:**

Rugby: 19A – **L**, 16A – **G**, 15A – **G**, 14A – G
Hokkie: 19A – E, 16A – H, 14A – E
Sokker: 19A & B, 17A & B, 15A & B, 14A & B
**Waterpolo: 19A & B, 15A, 14A - gekanselleer**

Tennis: 19ABC, 15A & B
Muurbal: 2 spanne van 6 spelers elk
Gholf: 1ste, 2de 3de spanne
Swem
Landloop
Tafeltennis: 10 spelers
Skaak: 18 spelers
Bergfiets:
eSport
Debat: 3 x Senior (3 leerders) & 2 x Junior (6 leerders)
Debating: 1 x Senior & 1 x Junior

**Groep 1: 19A Rugby teen R6 200 pp (Hierdie span sal Saterdag 16 Augustus teen Grey meeding)**

Hierdie span sal om 16:50 op Donderdagmiddag (14 Augustus) per vliegtuig na Bloemfontein reis met AIRLINK Vlug 4Z 606. Alle leerders moet reeds om 15:00 in hul uitstapdrag by die AIRLINK toonbank te Kaapstad Internasionale Lughawe aanmeld. Elke seun is verantwoordelik vir hul eie vervoer na die lughawe. (Vervoerreëlings sal vir koshuisleerlinge getref word en sal direk aan hul gekommunikeer word via hul koshuishoofde.)

Met aankoms in Bloemfontein sal hierdie span aanmeld by die Anta Boga Hotel in Bloemfontein waar hul sal tuisgaan vir beide Donderdag- en Vrydagaand.

Die groep sal om 19:00 op Saterdagaand (16 Augustus) per bus vanaf Grey Kollege vertrek om vanaf 08:00 op Sondagoggend (17 Augustus) in Stellenbosch te arriveer.

**Groep 2: Tennis 1ste / Gholf 1e / 19A Sokker / Muurbal 1ste teen R4 900pp. (Hierdie spanne sal Vrydag 15 Aug teen Grey meeding)**

Hierdie spanne sal om 06:30 op Donderdagoggend (14 Augustus) per vliegtuig na Bloemfontein reis met SAFAIR Vlug FA 840. Alle leerders moet reeds om 04:30 in hul uitstapdrag by die SAFAIR toonbank te Kaapstad Internasionale Lughawe aanmeld. Elke seun is verantwoordelik vir hul eie vervoer na die lughawe. (Vervoerreëlings sal vir koshuisleerlinge getref word en sal direk aan hul gekommunikeer word via hul koshuishoofde.)

Met aankoms in Bloemfontein sal hierdie spanne ‘n oefensessie hê, gevolg deur middagete, en sal dan aanmeld by die gastehuis/hotel in Bloemfontein waar hul sal tuisgaan vir slegs die Donderdagaand om dan deur Grey-ouers gehuisves te word op die Vrydagaand.

Die groep sal om 19:00 op Saterdagaand (16 Augustus) per bus vanaf Grey Kollege vertrek om vanaf 08:00 op Sondagoggend (17 Augustus) in Stellenbosch te arriveer.

19A-Sokker sal op Saterdag 16 Augustus teen Grey Kollege meeding.

**Groep 3: Gholf 2de & 3de / / Bergfietsry, Tennis 2e (2 spelers) teen R3 950pp (Hierdie spanne sal Vrydag 15 Aug teen Grey meeding)**

Hierdie spanne sal om 06:30 op Donderdagoggend (14 Augustus) per vliegtuig na Bloemfontein reis met SAFAIR Vlug FA 840. Alle leerders moet reeds om 04:30 in hul uitstapdrag by die SAFAIR toonbank te Kaapstad Internasionale Lughawe aanmeld. Elke seun is verantwoordelik vir hul eie vervoer na die lughawe. (Vervoerreëlings sal vir koshuisleerlinge getref word en sal direk aan hul gekommunikeer word via hul koshuishoofde.)

Met aankoms in Bloemfontein sal hierdie spanne 'n oefensessie hê, gevolg deur middagete, en sal dan om 17:30 Donderdagaand vir beide die Donderdag- en Vrydagaand deur Grey Kollege gasheergesinne gehuisves word.

Die groep sal om 19:00 op Saterdagaand (16 Augustus) per bus vanaf Grey Kollege vertrek om vanaf 08:00 op Sondagoggend (17 Augustus) in Stellenbosch te arriveer.

**Groep 4: eSport / Landloop / Skaak / Tennis 2e (4 spelers), Tennis 3e, Tennis 15A &B / Tafeltennis / Debat / Debating / Muurbal 2e / Hokkie 19B, 16A & B, 14A & B / eSport teen R2 800 pp (Hierdie spanne sal Vrydag 15 Aug teen Grey meeding)**

Hierdie spanne sal om 04:00 op Donderdagoggend (14 Augustus) per bus vanaf PRG vertrek om ongeveer 17:00 in Bloemfontein te begin arriveer. Hul sal dan vir beide die Donderdag- en Vrydagaand deur Grey Kollege gasheergesinne gehuisves word. Alle etes ná Donderdag-middagete sal deur hul Grey gashere voorsien word. Seuns is verantwoordelik vir hul eie middagete op Donderdag, 14 Augustus.

Die groep sal om 19:00 op Saterdagaand (16 Augustus) per bus vanaf Grey Kollege vertrek om vanaf 08:00 op Sondagoggend (17 Augustus) in Stellenbosch te begin arriveer.

PRG se eSportspan sal teen Grey College meeding op Donderdag 14 Augustus om 19:00

**Swem:**

Let asseblief daarop dat 6 swemmers (soos deur die spanbestuurder aangedui) op Woensdag 13 Augustus om 16:50 vanaf Kaapstad Internasionale Lughawe met vlug 4Z606 sal vertrek en om 18:25 in Bloemfontein sal aankom. Hierdie swemmers sal dan na hul gastehuis geneem word. Alle leerders moet om 15:15 by die SAFAIR-toonbank by Kaapstad Internasionale Lughawe aanmeld in uitstapdrag. Aandete en ontbyt sal voorsien word.

Die res van die swemspan sal Donderdagoggend (14 Augustus) om 06:30 na Bloemfontein vlieg met SAFAIR-vlug FA840. Alle leerders moet om 04:30 by die SAFAIR-toonbank by Kaapstad Internasionale Lughawe aanmeld in die uitstapdrag. Seuns is verantwoordelik vir hul eie vervoer na Kaapstad Internasionale Lughawe. Leerders is verantwoordelik vir hul eie ontbyt op Donderdagoggend. Middagete sal vir alle swemmers voorsien word. Die uitplasing na Grey-gasouers sal na afloop van die swemkompetisie plaasvind wat om 14:00 by die UV-swembad gehou sal word.

**Groep 5: Rugby 14A – F, 15A – F, 16A – E, 19C – J / Sokker 19B, 17A & B, 15A & B, 14A & B / Hokkie 19C – D, 16C – E, 14C-D teen R4 000pp (Hierdie spanne sal Saterdag 16 Augustus teen Grey meeding)**

Hierdie spanne sal om 04:00 op Donderdagoggend (14 Augustus) per bus vanaf PRG vertrek om ongeveer 17:00 in Bloemfontein te begin arriveer. Al hierdie spanne sal op Donderdagaand (14 Augustus) in gastehuise/wildsplase/hotelle in en rondom Bloemfontein gehuisves word, soos gereël deur die sportkantoor. Die seuns sal Vrydagoggend verder reis na Grey Kollege om 12:00 te arriveer en om 12:30 uitgeplaas te word by hul gasheergesinne wat dan ook alle etes sal verskaf vir die res van die naweek.

Die groep sal om 19:00 op Saterdagaand (16 Augustus) per bus vanaf Grey Kollege vertrek om vanaf 08:00 op Sondagoggend (17 Augustus) in Stellenbosch te begin arriveer.

Neem asseblief kennis dat Sokker 19B nie teen Grey College sal speel nie. Die wedstrydtyd teen 'n ander teenstander sal bevestig word.

**Groep 6: Hokkie 19E, 16F, G, H & 14E / Drumline / Rasieleiers / Rugby 19B, 19K, 19L, 16G, 16F, 15G & 14G teen R5 200pp**

Hierdie spanne sal om 04:00 op Donderdagoggend (14 Augustus) per bus vanaf PRG vertrek om ongeveer 17:00 in Bloemfontein te begin arriveer. Al hierdie spanne sal op Donderdagaand (14 Augustus) in gastehuise/wildsplase/hotelle in en rondom Bloemfontein gehuisves word, soos gereël deur die sportkantoor. Die seuns sal Vrydagoggend verder reis na Grey Kollege om 12:00 te arriveer. Die spanne sal Vrydagaand in gastehuise/hotelle in Bloemfontein tuisgaan. Middagete (Vrydag en Saterdag) asook Vrydag- en Saterdagaandete in Bloemfontein sal deur die sportkantoor gereël word. Vrydag- en Saterdagoggend se ontbyt word by die gastehuise/hotelle genuttig. Wedstryde vir hierdie spanne sal teen skole in die omliggende omgewing gereël word sodat die spelers ook deel kan wees van die toer.

Rugby 19B sal op Saterdag om 12:40 teen Grey Kollege meeding.

Die groep sal om 19:00 op Saterdagaand (16 Augustus) per bus vanaf Grey Kollege vertrek om vanaf 08:00 op Sondagoggend (17 Augustus) in Stellenbosch te arriveer

**Groep 7: HOKKIE 19A teen R4 900pp (Hierdie span sal Vrydag 15 Augustus teen Grey meeding).**

Hierdie span sal om 16:50 op Donderdagmiddag (14 Augustus) per vliegtuig na Bloemfontein reis met AIRLINK Vlug 4Z 606. Alle leerders moet reeds om 15:00 in hul uitstapdrag by die AIRLINK toonbank te Kaapstad Internasionale Lughawe aanmeld. Elke seun is verantwoordelik vir hul eie vervoer na die lughawe. (Vervoerreëlings sal vir koshuisleerlinge getref word en sal direk aan hul gekommunikeer word via hul koshuishoofde.)

Met aankoms in Bloemfontein sal hierdie span aanmeld by die Anta Boga Hotel in Bloemfontein waar hulle Donderdagaand sal bly. Hierdie groep sal om 12:30 uitgeplaas te word by hul Grey-gasheergesinne wat dan ook alle etes sal verskaf vir die res van die naweek.

Die groep sal om 19:00 op Saterdagaand (16 Augustus) per bus vanaf Grey Kollege vertrek om vanaf 08:00 op Sondagoggend (17 Augustus) in Stellenbosch te arriveer.

**ALGEMEEN:**

- Seuns wat aan meer as een sportsoort deelneem, moet asb. reis en bly saam met die span van die sport waaraan hulle volgens die program eerste deelneem.
- Leerders mag saam met hul ouers reis en bly mits hul vooraf reël en geskrewe bevestiging van hul ouers by hul spanbestuurders inhandig.
- Seuns kan privaat reis en bly. Daar is geen koste daaraan verbonde as seuns van privaat verblyf en reis gebruik maak nie.
- Elke leerder wat by Grey gasheergesinne tuisgaan, moet asb. ‘n geskenk (nie wyn nie) saamneem om hul vir hul gasvryheid te bedank.
- Daar sal aan elke seun ‘n sitplek op ‘n bus geallokeer word en hy moet asb. op daardie sitplek en bus bly vir die rit na en van Bloemfontein.

- Let asb. daarop dat die busse geskeduleer is om vroeg genoeg te arriveer op Sondagoggend sodat die seuns uitgerus kan wees vir ‘n voldag van skool Maandag en die begin van die somersportprogram.
- Moet asb. nie voor die skool parkeer wanneer u u seun kom afhaal op Sondag (17 Augustus) nie. Maak asb. gebruik van die area voor die skool se gimnasium of parkeer op Noordwalstraat aan die oorkant van die rivier.

**KOSTES:**

Sien asb. die aangehegte tabel vir kostes ten opsigte van u seun se toer. Gelde is betaalbaar vanaf Maandag, 2 Junie 2025 in die onderstaande bankbesonderhede. Verwys asb. na u seun se huidige sportspan om voorlopige kostes te bepaal, maar wees bewus dat hierdie bedrag aangepas mag word sou u seun intussen van span verander.

Paul Roos Gimnasium
ABSA
Stellenbosch
Rek no.: 410 142 791
Takkode: 334410
Verw: GK/u seun se naam/u seun se span bv. GK/Proos/14CHokkie
E-pos asb. bewys van betaling na k14@paulroos.co.za

Vir enige navrae, kontak asb. vir Stephan Jordaan by sjordaan@paulroos.co.za.